**Robert Ross** : *Beyond the pale: essays on the history of colonial South Africa.* Witwatersrand Press. Johannesburg, 1994. 270 pp. Prys : R 70,00.

Hierdie boek is 'n versamelwerk van elf van Ross, wat veral bekendheid verwerf het met sy monografie oor die Griekwas (Adam Kok's Griquas. A study in the development of stratification in South Africa. Cambridge, 1976) se opstelle gedurende die afgelope twee dekades. Hierdie Britsgebore historikus wat aan Cambridge opgelei is se belangstelling uit die Kaapse koloniale geskeidenes spruit waarskynlik uit die feit dat hy in diens van die Rijksuniversiteit Leiden in Nederland staan waar hy Afrika-geskiedenis doseer en dat Nederlandse bronne dus vir hom toeganklik is.

As versamelwerk spreek dit eintlik vanself dat dit in sy geheel nie oorspronklike werk is nie. Trouens, slegs vyf van die elf opstelle word hier vir die eerste keer gepubliseer, hoewel die ses wat reeds vantevore gepubliseer is volgens die outeur grondig hersien en opgedateer is.

Soos verwag kon word, openbaar hierdie werk dieselfde leemtes as die meeste soortgelyke werke en wel in 'n gebrek aan eenheid en struktuur. Die outeur het die werk in vyf afdelings van twee hoofstukke elk, benewens die inleiding, verdeel Afdeling een handel oor die ekonomie en klassevorming aan die Kaap; afdeling 2 oor ideologieë en rassestratifikasie, spesifiek die oorsprong van blanke oppergesag; afdeling 3 oor die bevolkingsgroei en gesinsvorming; afdeling vier oor die koloniale regstelsel en afdeling vyf oor intellektuele geskiedenis. Die saambindende faktor, volgens die outeur self, is dat dit handel oor klassevorming en dominansie aan die Kaap. Hoewel dit waar mag wees vir die meeste van die opstelle, is dit uiters moeilik om byvoorbeeld die opstel oor die oorsprong van die Suid-Afrikaanse historiografie en Donald Moodie se rol daarin onder hierdie sambreel in te dwing. Wat wel waar is, is dat al hierdie opstelle handel oor die pre-industriële Kaapkolonie en miskien is dit die sentrale tema van die werk.

Alhoewel die aanspraak in die advertensiemateriaal van die uitgewer wat Ross beskryf as "... the foremost historian of the early

colonial Cape" waarskynlik oordrewe is, lewer dié werk tot 'n bydrae om die komplekse sosiale en ekonomiese prosesse wat in die periode onder bespreking ontstaan en ontwikkel het en later in die industriële era neerslag gevind het te verhelder. Veral sy argument dat daar in die Kaapkolonie 'n nuwe, eiesoortige Afrikane-klas (bestaande uit verskeie subgroeperinge) ontstaan het, wie se magsbasis die beheer oor die grond en die handel was, wat as sodanig dié kolonie gedomineer het en dat dié proses tot blanke oppergesag aanleiding gegee het, sal debat uitlok. Finale uitspraak oor hierdie en ander komplekse aangeleenthede is beslis nog nie in hierdie werk gelewer nie.

Vir die belangstellende in plaaslike en streeksgeskiedenis, veral van die Kaapkolonie, is die verskyning van dié boek van meer as gewone betekenis omdat dit eksklusief oor aspekte van dié landstreek voor 1870 handel. Verskeie van die opstelle wat opgeneem is, is vir diesulkes van besondere betekenis. Voorbeelde hiervan is die twee hoofstukke in afdeling een. Hoofstuk 1 handel oor die welvaart van die Wes-Kaapse kapitalistiese heersersklas ("Gentry"), terwyl hoofstuk 2 die verspreiding van die private grondbesit in die onderskeie distrikte ontleed. Ook afdeling drie moet in hierdie verband vermeld word. Hoofstuk 5 ontleed die demografie van die blanke bevolkingselement aan die Kaap die agtiende eeu en illustreer die nelle bevolkings aanwas van dié groep duidelik. Hoofstuk 6, op sy beurt, toon aan hoe dié bevolkingsaanwas tot die snelle uitbreiding van die koloniale grense aanleiding gegee het, terwyl laasgenoemde proses weer gelei het tot die interafhanklikheid van mans en vroue op die voorposte in 'n jeugdige stadium wat weer die bevolkingsaanwas gestimuleer het.

Die werk is ryklik toegerus met tabelle en grafieke met waardevolle inligting oor ekonomiese en sosiale aspekte, asook met 'n bruikbare glossarium wat die vir die Engelssprekende "vreemde" terminologie, veral van Nederlandse herkoms verduidelik, en 'n indeks. 'n Bibliografie ontbreek, maar die afsonderlike opstelle is gedokumenteer met voldoende verwysings in die vorm van endnotas. Die feit dat die verwysings aan die einde van die boek geplaas is in plaas van onder aan die bladsy of minstens aan die einde van elke opstel, bemoeilik die gebruik daarvan. Toepaslike illustratiewe materiaal sou ook die waarde van die boek verhoog het.

Die boek is stewig gebind, die drukwerk is van 'n hoë gehalte, bladsye is so uiteengesit dat die bladspieël 'n netjiese voorkoms het en drukfoute is bykans totaal afwesig.

Dr. M. Broodryk
Universiteit van Port Elizabeth